

VAK EN GRAAD	Graad 9 Afrikaans Huistaal
KW 2	OPDRAG: 1. GAAN DIE ONDERSTAANDE TEORIE DEUR 2. DOEN DAN DIE AKTIWITEITE IN JOU SKRYFBOEK. 3. Orden al jou aktiwiteite en hou elke vak bymekaar.
ONDERWERP	Taalstrukture: Die Bywoord
INLEIDING	Beskryf die ww., 'n b.nw., 'n ander bw. of 'n telw. Voorbeelde : <i>vinnig</i> > Hy <i>hardloop vinnig</i> (Hoe hardloop hy? <i>vinnig</i>) <i>besonder</i> > Sy is <i>besonder mooi</i> (Hoe mooi is sy? <i>besonder</i>)
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	Soorte : Daar is verskillende soorte bywoorde, waaronder: • bywoord van tyd [wanneer?] (<i>môre; gister</i>) • bywoord van plek[waar?] (<i>hier; daar</i>) • bywoord van wyse [hoe?] (<i>vinnig; trapsgewys</i>) • bywoord van graad (<i>besonder; baie; erg</i>) • bywoord van modaliteit (<i>dalk, darem, onmoontlik, beslis, asseblief</i>) Bywoorde wat van ander woordsoorte afgelei is: beurt – beurtelings; gemak – gemakshalwe, berg – bergwaarts; groot – grootliks Bywoorde in vaste verbindings: Bywoorde en werkwoorde vorm dikwels vaste “pare”, byvoorbeeld: reikhalsend uitsien; terdeë geniet; plegtig belowe; mildelik bydra Sommige bywoorde het trappe van vergelyking. Let op die volgende voorbeelde : <i>goed – beter – beste</i> <i>graag – liever – liefste</i> <i>selde – minder – minste</i> <i>naby – nader – naaste</i> <i>vroeg – vroeër – vroegste</i>
AKTIWITEITE/ASSESSERING	Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Jy kan ook 'n gesinslid vra om jou antwoorde te toets. Aktiwiteit 1 Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg : Die wildeganse het van die kuile gehou en smiddae het hulle daarnatoe gevlieg. Terwyl hulle in die water rinkink het , het die jagter stilletjies op hulle aangelê. Hulle het gelukkig weggekom , want hy was nie 'n besondere goeie skut nie. Voorbeelde van die <i>soorte bywoorde</i> wat in afdeling B genoem word ,

	kom in die leesstuk voor. Kan jy die volgende bywoorde vind ? 1.1 'n bywoord van wyse 1.2 'n bywoord van tyd 1.3 'n bywoord van graad 1.4 'n bywoord van plek Aktiwiteit 2 Kies elke keer die regte woord of skryfwyse van dié tussen hakies : 2.1 Die jagter moes (kort-kort ; binnekort ; kortliks) loer of die wildeganse al hulle opwagting gemaak het. 2.2 Hy het eers gekorrel en (toe ; dan) geskiet. 2.3 Vanaand bring die jagter twee wildeganse (huistoe ; huis-toe; huis toe). 2.4 'n Jagter moet soms (agtertoe ; agter-toe ; agter toe) kyk. Aktiwiteit 3 Skryf elke keer die regte vorm van die bywoord tussen hakies neer : My swaer skiet (goed) as my broer , maar my pa skiet die (goed) . Ek neem (graag) diere af as om hulle te skiet. Ek kruip (naby) en kiek dan die wildeganse wat die (naby) aan my swem. Aktiwiteit 4 Ons weet dat elke bywoord van tyd, wyse en plek sy besondere plek in 'n sin het. 4.1 Die woordorde in die onderstaande sin is verkeerd. Skryf die sin oor en verbeter die woordorde : <i>Hy het rus-rus vlei toe gestap soggens.</i> 4.2 Skryf die sin oor , maar begin nou met die bywoord van tyd. 4.3 Skryf die sin nogmaals oor , maar begin hierdie keer met die Bywoord van wyse.

Aktiwiteit 5

- OPDRAG 1:** **Onderstreep alle bywoorde** in die onderstaande leesstuk wat in die *Rapport-Tydskrif* verskyn het.
- OPDRAG 2:** **Skryf 'n paragraaf** van ongeveer 100 – 120 woorde met die opskrif: *PA/OOM/OUPA DIT IS WAARVAN EK HOU...* na aanleiding van die onderstaande leesstuk en gebruik soveel bywoorde moontlik. Jy kan dit ook oor jou ma/ouma/ tannie doen.
- OPDRAG 3:** **Wys jou paragraaf** aan die persoon oor wie jy geskryf het. Dit is ook 'n manier om jou dankbaarheid teenoor 'n ouer/stiefpa of – ma/voog/familielid te toon en te wys waarvan jy hou. Dit is ook die klein dingetjies wat 'n mens onthou as jy ouer word bv. as hulle jou rug toemaak as jy gaan slaap ens.

PA, DIT IS WAT MY PLA...

'N DAPPER PA HET SY EWE DAPPER KINDERS GEVRA WAT AAN HOM HULLE IRRITEER.HIER VOLG 'N LYS.

- As ek tergend stadig ry om hulle by die skool af te laai.
- As ek hulle soggens voor hul skoolvriende 'n drukkie gee en links van die hek parkeer i.p.v. regs.
- Altyd my kakiehoed dra.
- As ek hard snork tydens my middagslapie en slaap soos'n doofstomme.
- Wanneer ek hulle kort-kort aanjaag.
- Wanneer ek saans tee vra.
- Wanneer ek voldaan glimlag wanneer hulle onnodig 'n fout begaan.
- As ek hulle afsydig aankyk wanneer ek toetse teken.
- As ek en hul ma in die kamer onderhoudend gesels wanneer hulle iets onmiddellik wil vra.
- As ek soms bra lui voel en onophoudelik gaap.
- Wanneer ek byna verslaap en later opdaag om hulle laatnag by die skool te kry.
- As ek botweg weier om na hulle verskonings te luister.
- As ek aanhoudend langs die sportveld skree.
- As ek aanvanklik ja gesê het en dan skielik nee sê.
- As ek aandagtig na die nuus luister en hulle het my aandag dadelik nodig.
- As ek begin met die woorde:"Destyds het Pa ..."
- As ek hul musiekvolume sagter draai.
- As ek pront-uit praat oor verhoudings.